PROF. DR. S. P. ENGELBRECHT: *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pietersburg (Zoutpansberg)* 1852-1952. (Uitgegee deur die Kerkraad).

Hierdie werkie van Prof. Engelbrecht gee 'n deel van die geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk waaraan reeds lankal 'n behoefte gevoel is. Hoewel die skrywer in sy groot „Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika" die kern van hierdie werkie gee, was hierdie meer gedetailleerde uiteensetting tog noodsaaklik.

Die werkie (114 bladsye) is uitgegee deur die kerkraad van die Ned. Herv. Gemeente Pietersburg met die viering van die gemeente se eeufees. Ten spyte hiervan is die boek geheel en al die werk van Prof. Engelbrecht en dra onmiskenbaar sy stempel.

Hoewel die werk 'n *kerk*geskiedenis is, kom sydelings ook die algemene landsgeskiedenis van Transvaal ook te berde, wat natuurlik vanselfsprekend is, omdat die kerkgeskiedenis nie van die landsgeskiedenis losgemaak kan word nie. Maar dit is in hierdie verband wat ons bv. 'n polemiek teen dr. F. A. van Jaarsveld se „Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners" Deel I (1951) kan aanvoel, hoewel lg. werk nie by name genoem word nie. Hierdie aanduidings beloof nog verdere reaksies van Prof. Engelbrecht in hierdie rigting.

Hoewel 'n menigte gegewens verstrek word en die geskiedenis van hierdie tydvak en bepaalde gebied so volledig moontlik behandel word, kan ons met reg sê dat die kerkgeskiedenis van Zoutpansberg in hoofsaak die geskiedenis van twee persone is: Ds. N. J. van Warmelo en sendeling Hofmeyer. Die geskiedenis van e.g. is die heldegeskiedenis van 'n evangeliedienaar wat alles feil gehad het vir die werk en werkkring waartoe God hom geroep het. Hy is dan ook werklik die eerste grondlegger van die gemeente in Zoutpansberg en die man wat dit opgewerk het.

Die geskiedenis van Hofmeyer is die geskiedenis van die kerkvereniging en die redes waarom die kerkvereniging moes misluk. Elke

geskiedenis het periodes en episodes wat onverkwiklike leesstof vorm; hierop is die kerkgeskiedenis geen uitsondering nie. Maar die geskiedenis van sendeling Hofmeyer vorm seker een van die onverkwiklikste gedeeltes van die kerkgeskiedenis. Hierdie geskiedenis toon o.a. in watter mate die metodisme destyds in die Ned. Ger. Kerk ingedring het en watter skerp kontras daar tussen lg. kerk en die Ned. Herv. Kerk bestaan het, veral in soverre dit die praktyk betref. Ten spyte van alles wat in die boonste rakke van die twee kerke gedoen kon word om die kerkvereniging te bewerkstellig, was dit by voorbaat tot mislukking gedoem waar dit in die praktyk deurgevoer moes word. Nêrens word dit so duidelik as in die geskiedenis van Zoutpansberg nie. Iets wat ook onwillekeurig aan 'n mens duidelik word, is die mate waarin hierdie metodisme in die Ned. Ger. Kerk deur die loop van jare tot vandag toe verflou het om vir iets anders plek te maak.

Ons wil hierdie werkie van Prof. Engelbrecht ten sterkste aanbeveel. Die werkie is nie net vir historici van belang nie, maar ook vir elke predikant. Aan die lidmate van die Ned. Herv. Kerk wil ek die boekie in 'n besondere mate aanbeveel. Dit sal die baie vrae wat gestel word oor die verskille tussen die kerke en die redes vir die mislukking van die kerkvereniging beantwoord.

P. S. DREYER.